# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 10**

**JUNIE EKSAMEN 2022**

**VRAESTEL 3**

**PUNTE: 100** **TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Opstel** | **(50)** |
| **AFDELING B:** | **Langer transaksionele teks** | **(30)** |
| **AFDELING C:** | **Korter transaksionele teks** | **(20)** |

2. **Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.**

3. **Skryf in die taal wat geassesseer word.**

4. **Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.**

5. **Daar moet ‘n KOPPLAN, EERSTE POGING en ‘n FINALE POGING wees.**

6. **Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy ’n streep deur alle beplanning trek of die beplanning met ‘n potlood doen.**

7. **Beplan jou tyd só:**

   **AFDELING A: 60 minute**
   **AFDELING B: 40 minute**
   **AFDELING C: 20 minute**

8. **Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.**

9. **Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.**

10. **Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.**

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- **Kies EEN onderwerp en skryf 150-200 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**
- **Daar MOET ‘n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het, onder jou opstel neer.**

1.1 Dit was die beste dag van my lewe! [50]

1.2 Hoe Covid-19 my lewe beïnvloed het. [50]

1.3 My rolmodel. [50]

1.4 Dagdroom. [50]

1.5 Daar is te veel openbare vakansiedae in Suid-Afrika. [50]

**1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.**

**LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.**

1.6.1



[50]

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

**TOTAAL VIR AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 2:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf <u>120-150</u> woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.**

### 2.1 DIALOOG:

Jy het vergeet om jou Afrikaanse mondeling voor te berei.

Skryf in dialoogvorm die gesprek tussen jou en mevrou Nel neer. [30]

### 2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF:

Jou beste vriend/vriendin se ouers het jou genooi om in Desember saam met hulle as gesin op vakansie te gaan.
Jou ouers weier.

Skryf ʼn brief aan jou ouers waarin jy hulle probeer oortuig om jou toe te laat om saam met hulle te gaan. [30]

### 2.3 RESENSIE:

Jy het ʼn Afrikaanse boek gelees wat vir jou baie interessant was. Jy wil graag hê jou maats moet dit ook lees.

Skryf ʼn resensie wat in ʼn jeugtydskrif gaan verskyn. [30]

### 2.4 HULDEBLYK:

'n Familielid van jou is onlangs oorlede en jy is gevra om die huldeblyk by die begrafnis te lewer.

Skryf die huldeblyk neer. [30]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 3:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.**

### 3.1 DAGBOEKINSKRYWING:

Jou gunsteling sanger/sangeres gaan die naweek in die skoolsaal sing.

Maak **twee** dagboekinskrywings oor:

- Hoe jy voor die konsert gevoel het

  **EN**
- Hoe jy na die konsert gevoel het. [20]

### 3.2 WENKE:

Jou ouer suster het jou gevra om haar tweejarige seuntjie vir 'n paar uur op te pas.

Skryf 7 wenke neer wat sy gegee het om jou met die taak te help. [20]

### 3.3 WHATSAPP

Jy speel more 'n sportwedstyd maar sal nie daar kan wees nie.

Stuur 'n WhatApp vir jou afrigter waarin jy om verskoning vra en 'n rede vir jou afwesigheid gee. [20]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL : 100**